HOËRSKOOL FOCHVILLE

2009-02-05

Die Direkteur Generaal
Noordwes Onderwysdepartement
MMABATHO

RE: OORSKAKELING NA GAUTENG ONDERWYSDEPARTEMENT

Langs hierdie weg pleit ons ernstig en desperaat TEEN bostaande aksie.

Dit sal vir die skool geweldige logistieke, finansiële en kurrikulêre nadele inhou en gevolglik sal die leerders nie optimaal kan presteer soos tans nie.

1. Die feit dat die areakantoor na Randfontein en streekskantoor na Krugersdorp sal verskuif, bring **groter afstande** en derhalwe onkoste vir vervoer na en van vergaderings mee.

2. Verder kan meer kosbare onderrigtyd vermors word deurdat die tyd wat leerkragte op pad deurbring, heelwat langer sal wees. Waar die hoof nou binne 2 ure by die APO kantoor en weer terug by die skool kan wees, sal hy/sy nou die hele oggend weg wees, derhalwe lei bestuur skade.

3. Gauteng verskaf geen LTSM nie wat 'n verdere geweldige finansiële las op dié skool sal hê, veral siende dat die % subsidies toegestaan aan leerlinge jaarliks toeneem.

4. Ons ervare en toegewyde personeel het deur jare goeie verhoudings ontwikkel met hul fasiliteerders wat daartoe lei dat leiding gereeld en spontaan plaasvind - duidelik is dit tot voordeel van die leerlinge.

5. Die onderwyskorps word ook benadeel deurdat heelparty gr. 12-leerkragte al jaarliks optree as merkers, senior merkers en selfs eksaminatore. Oorskakeling sal meebring dat van hierdie leerkragte, a.g.v. onbekendheid, heel moontlik nie weer in hierdie rolle aangestel sal word nie. Derhalwe "verarm" hul aan ondervinding en kennis wat tot nadeel van leerders is.

6. 'n Stabiele, veilige skool is 'n presterende skool - oorskakeling sal baie onbekendheid en onstabiliteit veroorsaak wat noodgedwonge negatief op prestasies sal inwerk.

Ek glo en vertrou dat u ons sal ondersteun in ons noodroep om deel van die Noordwes Onderwysdepartement te bly.

Fochiegroete

ME. P.M. LAMPRECHT
HOOF

MNR. P. ALEXANDER
PROFESSIONELE EN REGSDIENSTE
TULPSTRAAT 3, FOCHVILLE

P.4

2009 Feb 06 2:23PM HP LASERJET FAX